# JAN EHLERS PROKUREURS

BTW : 4770218115

PostNet Suite 60
Privaatsak X07
Arcadia
0007

Tel : 012 807 5493/4
Faks : 012 807 5438
E-Pos : jan@ehlerslaw.co.za

1ste Vloer, Kantoor 1
Willows Crossing
Rossouwstraat 590
Die Wilgers

JAN EHLERS : 083 459 0292 NOODNOMMERS ROELIEN SPIES : 082 449 5124

PROKUREURS / AKTEVERVAARDIGERS / NOTARISSE / BOEDELBEREDDERAARS


*Ons Verw:* J G EHLERS/aw/ *U Verw:*

12 November 2009

**Mnr H van de Graaf**
**President**
**Die Verkenners**
**PER E-POS: henk@hvo.co.za**

## "UITERS DRINGEND"

Meneer

**KENNISGEWING VAN BEPERKING OP TOEGANG IN LIG VAN HERHAALDELIKE ONTWRIGTENDE OPTREDE OP DIE VOORTREKKERMONUMENT EN NATUURRESERVAAT**

Hierdie skrywe word in opdrag van ons kliënt, die direksie van die Voortrekkermonument en Natuurreservaat, aan u gerig sonder benadeling van regte ten opsigte van vorige insidente van ontwrigtende aksies wat lede van die Verkennersjeug en die Verkennersjeug Pretoria op die Voortrekkermonument en Natuurreservaat gepleeg het.

Kennis is geneem van die beplande bywoning deur "jeuglede van die Verkenners en Bravoland" van die 154 AfriForum Afrikaanse Musiekfees by die Voortrekkermonument Erfenisterrein se groot Amfiteater op Saterdag, 14 November 2009 en u beplande vergadering te die Voortrekkermonument om 16h00 op vermelde datum.

In die lig van die ontwrigtende en eiegeregtigde optrede van lede van die Verkennersjeug op die Voortrekkermonument Erfenisterrein, word die VTM se reg op voorbehoud van toegang hiermee uitgeoefen. In die lig daarvan sal u lede welkom wees om slegs die musiekfees by die Amfiteater by te woon, maar word hulle hiermee reg van toegang geweier tot enige ander fasiliteite op die Voortrekkermonument Erfenisterrein, insluitende die volgende:

a. Die Voortrekkermonument, insluitende die kapel, die kiosk, die geskenkwinkel en die restaurant.

b. Die VTM se hoofkantoor en die kunsgalery.

c. Die Erfenissentrum.

d. Die piekniekterrein.

e. Fort Schanskop.

Geliewe kennis te neem dat enige van die volgende in 'n baie ernstige lig gesien sal word en dat daar dienooreenkomstig opgetree sal word teen enige lid van u organisasies of enige ander persoon wat saam met u of onder u vaandel optree, indien hulle hul skuldig maak aan enige van die volgende voor, tydens of na afloop van die musiekfees:

a. Betreding van enige van die fasiliteite soos hierbo vermeld.

b. Enige vorm van inmenging met die werknemers van die Voortrekkermonument.

c. Enige vorm van inmenging met enige van die huurders of hul fasiliteite op die Voortrekkermonument Erfenisterrein.

d. Enige vorm van inmenging met die toegang tot die Voortrekkermonument Erfenisterrein.

e. Enige vorm van inmenging met die gewone besoekers aan die Voortrekkermonument Erfenisterrein.

Ons kliënt sou verkies dat die dag insidentvry verloop, maar wil graag beklemtoon dat dit sal afhang van u lede se gesindheid en optrede en dat geen toegewings aan hulle gemaak sal word nie. U word verseker dat die nodige reëlings getref is vir regsbeamptes om bostaande af te dwing, al beteken dit dat oortreders gearresteer en van die terrein verwyder moet word.

Geliewe ook kennis te neem dat die inhoud van hierdie skrywe die basis sal vorm van enige aansoek om 'n interdik wat met koste teen u en u organisasies aangevra sal word in geval van enige verdere ontwrigtende en eiegeregtigde optrede op die Voortrekkermonument Erfenisterrein en enige van die ander gebiede onder beheer van die Voortrekkermonument en die Erfenisstigting, insluitende Bloedrivier.

Enige dringende navrae deur u of u regsverteenwoordigers kan te enige tyd aan skrywe direk gerig word by 083 459 0292.

Geliewe ontvangs te erken.

Die uwe

**JAN EHLERS PROKUREURS**
PER: J G EHLERS

*BANKBESONDERHEDE : ABSA, PRETORIA, 406 1702 772 (VERMELD ASSEBLIEF VERWYSINGSNOMMER)*

cc: **Mnr Jan Beyers**
**President**
**Die Verkennersjeug (jan@hvo.co.za)**

**Mnr Werner Smook**
**Voorsitter**
**Die Verkennersjeug Pretoria (verkennersjeug@gmail.com)**